

## Raithby Interkerklikse Gebedskring

As 'n klein Sendingstasie was die Woord gereeld verkondig. Baie het tot inkeer gekom en 'n groepie het in die vroeë 50's bymekaar gekom en die "Strewers" het tot stand gekom. Die meeste was ongeletterd maar dié wat kon, het die Woord gedeel. Huis bidure was Saterdaggaande gehou.

Mnr. Johannes Saaymans was die eerste Gebedskringleier en Mnr. Patrick McLaren die eerste sekretaris.

Die Gebedskring wat voorheen "Strewers" was het in Desember 1979 by die Interkerklike gebedskring ingeskakel.

Gereeld was die dienste deur die BET-EL Bybelskool Pelgrims en studente waargeneem. Almal wat tot bekering gekom het moet bymekaarkom om te bid, tot vandag toe kom ons saam.

Die groter liggaam bestaan uit 10 streke. Ons doen Prayer walks, huisbesoeke, hospitaalbesoeke, uitreike en "Sendingwerk een week per jaar" by outehuse.

Saamtrekke: 1985 was die Raithby saamtrek gehou. Die naweek was 'n baie groot tent by die kerk opgeslaan. Dit het baie gereën, mense het in tente geslaap en matrasse het in die water rondgedryf. Inwoners van Raithby het hulle huise oopgestel en mense gehuisves. Maar Prys die Here, vandag is hier nog mense wat die Here dien wat op die saamtrek die Here nog hier aangeneem het.

Raithby se eerste saamtrek was op Gouda tydens die 1980 Paasfees. Vandaar gaan ons nog elke jaar saamtrek toe. Paas Sondag môre was 6vm dienste in die begrafplaas en ons wou dit nooit gemis het nie, maar toe die saamtregogga byt kry jy ons nie weg van 'n saamtrek nie. "Prys die Here!"

Vir fondse hou ons konserte, sangaande, burger en kerrievetkoek verkope.

God Bless

Mev. Hetta Gordon